

LAERSKOOL KRUINSIG

VAK	: AFRIKAANS HUISTAAL	TYD	: 45 MIN
GRAAD	: 7		
DATUM	: 28 FEBRUARIE 2019	Taalstrukture	: 20
EKSAMINATOR	: M. SNYMAN	Begripstoets	: 20
MODERATOR	: <hr/> A. HEYDENRYCH	Visuele teks	: 15
		TOTAAL	: 45

INSTRUKSIES:

1. Lees jou vrae deeglik.
2. Onthou spelling en leestekens.
3. Skryf met 'n BLOU pen.
4. Beantwoord alle vrae op die ANTWOORDBLAD.
5. 'n Netjiese vraestel sal in jou guns tel.

Afdeling A : BEGRIPSTOETS

VRAAG 1:

Lees die leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarvoor handel.

'N STER IN HAAR SAK

Martie Preller

- (1) Mōre sal dit drie weke wees dat my lewe verander het.
- (2) Die Dinsdag het begin as net nog 'n dag. Ek het vroeg die oggend uit die huis geloop en in die hoek van die tuin onder die kaal boom gaan sit en bibber. Ek was moeg vir Pa en Ma se bakleiery.
- (3) Ek het skool toe geloop. Ons het wiskunde die eerste periode op 'n Dinsdag.
- (4) Ek het Jeannie nooit rêrig raakgesien voor daardie Dinsdag nie, al het ons die meeste vakke saam. Die klas was nog rumoerig, terwyl almal in hulle sakke gegrawe het om penne en boeke te kry.
- (5) Jeannie sit oorkant my. Skielik het ek haar na haar asem hoor snak. Sy het effens orent gekom. Haar gesig was vaal. Verskrik. In haar oop hand was 'n klip. Sy het daarna gestaar. Toe het sy vining haar hand toegemaak en die klip in haar baadjiesak laat ingly, weer oorgebuk en haar boeke uit haar tas gehaal.
- (6) Ná skool het ek 'n entjie agter haar aangedrentel. Sy het op 'n bus geklim.
- (7) Ek het huis toe geloop.
- (8) Jeannie het 'n klip in haar tas gekry. Sy het nie geweet dit gaan daar wees nie. Sy het heeldag, as sy dink niemand sien nie, die klip uit haar sak gehaal, daarna gestaar en dit dan weer teruggesit.

- (9) Woensdag het ek geld saamgevat skool toe. Ná skool het ek ook op die bus geklim. Ek het 'n paar rye agter Jeannie gaan sit. Sy het ná 'n rukkie afgeklim. Die huise is armoedig en klein in vergelyking met die weelderige buurt waarin ek en Pa en Ma bly.
- (10) Donderdag in die Afrikaanse klas het ek haar gevra of sy dalk 'n ekstra potlood het. Sy het een aangegee. Ek het daarmee geskryf en dit aan die einde van die periode teruggegee. Ek was verlief op Jeannie. Jeannie met die grootste, donker oë ooit. Jeannie met die klip in haar baadjiesak.
- (11) Vrydag het ek ná skool weer met die bus gery. Die sitplek langs haar was oop, het ek uit die hoek van my oog gesien, maar ek het agter haar gaan sit. Ek het deur die bus se venster gekyk hoe sy wegloop met haar hand in haar sak.
- (12) Die naweek was lank. Ek kon nie wag vir Maandag nie.
- (13) Pouse het ek na haar toe geloop en gesê: "Vertel my asseblief van die klip in jou sak."
- (14) Sy het dit uitgehaal en vir my gewys. "Dis 'n meteoriet," het sy geantwoord. "'n Vallende ster."
- (15) Ek het geknik en die middag op die internet alles oor meteoriete en meteore gaan lees.
- (16) Dinsdag het ek die meteoriet vasgehou. Ek het dit vir haar teruggegee.
- (17) Woensdag het sy my vertel hoe dit in haar sak gekom het. Sy het elke aand haar skooltas leeggemaak en dit buite gelos. Daardie Dinsdag, toe alles begin het, het sy eers in die wiskundeklas gesien dat haar droom waar geword het. Sy het in die nag 'n vallende ster gevang.
- (18) My skoolsak is nou elke nag buite. Ek het nog nie 'n ster gevang nie. Jeannie sê dit neem partykeer lank, maar dit gebeur. Altyd.

- 1.1 Watter soort verteller is in die verhaal? (1)
- 1.2 Hoe lank terug het die spreker se lewe verander? (1)
- 1.3 Hoeveel karakters is in die verhaal? Noem hulle. (2)
- 1.4 a) Watter seisoen is dit heel moontlik? (1)
b) Haal 'n sinsnede uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te bewys. (2)
- 1.5 Kies die korrekte antwoord deur slegs die letter neer te skryf.
Hoe het die spreker by die huis gekom?
a) Sy ma het hom geneem. (1)
b) Hy het geloop. (1)
c) Hy het met sy fiets gery. (1)
- 1.6 Gee 'n sinoniem vir "rumoerig" (paragraaf 4). (1)
- 1.7 Waarom, dink jy, het die spreker nog nooit voorheen vir Jeannie raakgesien nie? (1)
- 1.8 Verduidelik watter emosie Jeannie ervaar het toe sy "na haar asem snak." (paragraaf 5). (1)
- 1.9 Watter handeling van Jeannie uit paragraaf 8 dui daarop dat sy nie kon glo die klip was werklik nie? (1)
- 1.10 Waarom, dink jy, agtervolg die spreker haar in paragraaf 9? (1)

- 1.11 Kies die korrekte antwoord deur slegs die letter neer te skryf.
Waarom gaan sit die spreker waarskynlik Vrydag agter Jeannie in die bus?
a) Hy was nog skaam vir haar.
b) Daar was nie plek langs haar nie.
c) Seuns mag nie langs meisies sit nie. (1)
- 1.12 Gee 2 redes waarom jy dink Jeannie met haar hand in haar sak loop. (2)
- 1.13 Verduidelik waarom die spreker nie vir Maandag kan wag nie. (1)
- 1.14 Die spreker knik (paragraaf 15) net wanneer hy hoor dat die klip 'n meteoriet is.
Hoe sou jy op so 'n antwoord reageer het? (1)
- 1.15 Dink jy Jeannie het regtig 'n vallende ster gevang? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.16 Waarom, dink jy, wil die spreker ook graag 'n vallende ster vang? (1)

Totaal: [20]

VISUELE TEKS

Lees die strookverhale en beantwoord die vrae.

VRAAG 2

- 2.1 Haal 'n **werkwoord** uit raam 3. (1)
- 2.2 Wie is die hoofkarakter in die strokie? (1)
- 2.3 Hou die seun van skool? Motiveer jou antwoord. (2)
- 2.4 As jy 'n gedig moes skryf, waarom sou dit handel? (1)

VRAAG 3

- 3.1 Gee 'n **sinoniem** vir skoonveld (raam 1). (1)
- 3.2 Kies die korrekte antwoord deur net die letter neer te skryf.
Waarom reageer die leerders met “foeitog” en “siestog”?
- a) Hulle verlustig hulle in Neelsie se moeilikheid.
 - b) Hulle sê maar net iets.
 - c) Hulle weet hoeveel werk Neelsie nou gaan hê. (1)
- 3.3 Kies die mees verkeerde antwoord deur net die letter neer te skryf.
Waarom reageer die onderwyser met “ai tog”?
- a) Die onderwyser weet hoe hy nou met Neelsie gaan sukkel.
 - b) Die onderwyser weet Neelsie gaan nie alles inhaal nie.
 - c) Die onderwyser wil hê sy antwoord moet met die leerders s'n rym. (1)
- 3.4 Waarom, dink jy, sê Neelsie “dankie tog”? (1)
- 3.5 Watter emosie ervaar die onderwyser wanneer hy sy oë so groot rek? (1)

VRAAG 4

- 4.1 Waarom word GEMORS en SKARMINKEL met hoofletters getik? (1)
- 4.2 Noem 2 dinge, behalwe die teks, wat wys dat die onderwyser kwaad is. (2)
- 4.3 Gee 'n **antoniem** vir beledig (raam 2). (1)
- 4.4 Het Neelsie werklik verstaan hoe hy beledig is? Motiveer jou antwoord. (1)

Totaal: [15]

Afdeling B : TAALSTRUKTURE

Lees die grappies wat oor wiskunde handel en beantwoord die vrae.

VRAAG 5

- (1) Die juffrou behandel breuke in die wiskundeklas.
- (2) “As jou pa twintigduisend rand per maand verdien en hy gee jou ma een honderd rand per maand, wat kry jou ma?”
- (3) 'n Hartaanval antwoord Jannie

- 5.1 Skryf sin 3 met die nodige **leestekens** oor. (2)
5.2 Maak 'n beskrywende sin met die **homoniem** van "rand". (Sin 2). (1)
5.3 Haal 'n **werkwoord** uit sin 1. (1)
5.4 Skryf sin 1 in die **verlede tyd**. (1)
[5]

VRAAG 6

- (1) Kennisgewing in die wiskundeklas: *Bly stil in die wiskundeklas.*
(2) *Respekteer mede-leerders se slaapyd.*

- 6.1 Benoem die onderstaande **selfstandige naamwoorde**.
a) kennisgewing (sin 1)
b) slaapyd (sin 2) (2)
[2]

VRAAG 7

- (1) Wat sê een wiskundehandboek vir die ander een?
(2) "Ons het baie probleme."

- 7.1 Benoem die onderstaande **voornaamwoorde**.
a) wat (sin 1)
b) ons (sin 2) (2)
7.2 Verdeel "baie" (sin 2) in **klankgrepe**. (1)
7.3 Skryf sin 2 in die **toekomende tyd**. (1)
[4]

VRAAG 8

- (1) Wat is wit-en-swart en heeltemal onmoontlik?
(2) 'n Wiskundevraestel.

- 8.1 Verander sin 1 na 'n **stelsin**. (1)
8.2 Verdeel "onmoontlik" (sin 1) in **lettergrepe**. (1)
[2]

VRAAG 9

- (1) Onderwyser: "Jannie, waar kom daardie groot knop op jou kop vandaan?"
(2) Jannie: "Dis waar my pa my met wiskunde gehelp het, Meneer."

- 9.1 Haal 'n byvoeglike naamwoord uit sin 1. (1)
9.2 Maak 'n beskrywende sin met die homoniem van "waar". (sin 2). (1)
[2]

VRAAG 10

- (1) Juffrou: "Jannie, jou ma het vier klein aartappels en julle is ses kinders.
 (2) Hoeveel aartappels gaan elke kind kry?"
 (3) Jannie: "My ma sal kapokaartappels maak, Juffrou."

10.1 Pas Kolom B by Kolom A, terwyl jy die volgende sin **ontleed**. Skryf slegs die letters neer.

My ma sal heerlike kapokaartappels maak.

KOLOM A	KOLOM B
1. my ma	a) Byvoeglike bepaling
2. sal maak	b) Onderwerp
3. heerlike	c) Gesegde
4. Kapokaartappels	d) Bywoordelike bepaling
	e) Voorwerp

(2)

10.2 Gee die **intensiewe vorm** van "klein". (sin 1).

(1)

10.3 Gee die **meervoude** van die volgende woorde:

- a) juffrou (sin 1)
 b) ma (sin 3)

(2)

[5]

Totaal: [20]